Die betekenis van Advent

Datum: 3 Desember 2000

Teks: Lukas 21:20-36

Liturg: Ds Freddie Schoeman

In 1987 het daar ‘n belangrike gebeurtenis plaasgevind. Baie min mense het dit waarskynlik opgemerk, maar dit was nie daarom minder aardskuddend nie.

In 1987 – vir die heel eerste keer – het die getal winkelsentrums in die VSA, die getal skole oorskry!

Wat maak hierdie gebeurtenis so belangrik – en wat het dit met SA te doen? Dit verteenwoordig ‘n geweldige verskuiwing in waardes – ‘n verskuiwing in dit wat mense as belangrik beskou. Wat hierdie gebeurtenis vir ons sê is dat die **opvoeding en die skoling** van mense minder belangrik as die najaag van **wins en kapitaal** geword het. Die **geestelike aspek** van die menslike bestaan word nou as minder belangrik as die **kommersiële aspek** van die menslike bestaan geag.

Suid Afrika (in alle geval die Westerse deel) is waarskynlik in hierdie opsig nie ver agter die VSA nie. Maar wat het dit te doen met Advent?

Hoekom vier ons Advent?

Wat gebeur wanneer die kerk advent vier?

Met viering van Advent wil die kerk vir die wêreld iets sê – ‘n boodskap uitstuur. Maar Advent het ook iets vir die kerk – die gelowiges – te sê.

Met Advent probeer die kerk vir die wêreld ‘n boodskap stuur. Met Advent sê die kerk vir die wêreld: “Gaan dink weer oor wat julle as belangrik beskou en wat nie. Moenie die mens beskou as iemand uit wie daar geld gemaak kan word nie – moenie die mens uitbuit nie – besef dat die mens meer is as net dit wat hy kan produseer en besit.”

Adventstyd – hierdie drie weke voor Kersfees – is seker die tyd in die jaar waar die waardes van die wêreld en die waardes van die kerk baie sterk **in botsing** is. Omdat baie gelowiges dit nie besef nie – kry die wêreld dit reg om die kerk van koers af te dwing.

Daarom het Adventstyd ook ‘n boodskap vir gelowiges.

Adventstyd val in Suid-Afrika saam met **vakansietyd**. Uit die aard van die saak is dit ‘n gemaklike en ‘n ontspanne tyd. Daarom is ons as mense oor die algemeen geneig om minder op ons hoede en kan dit baie maklik gebeur dat

ons ons **fokus** op God en op sy koninkryk **verloor**

en ons **geloofsbeoefening** verwaarloos en **afskeep**.

Dit wat normaalweg vir ons belangrik is, word baie keer in hierdie tyd minder belangrik.

Wat wil Advent dus vir ons as gelowiges kom sê? Advent wil ons kom herinner dat ons **waaksaam** moet wees. Ons moet in hierdie tyd, miskien meer as in enige ander tyd, fokus op **Jesus** en op die feit dat Hy **weer kom**.

Daar is niks wat ‘n skewe waardesisteem so gou regruk as ‘n hernude fokus op Jesus se wederkoms nie!!

Daarom is die teks vanoggend Lukas 21 – ‘n teks wat onder andere handel oor die wederkoms van Jesus.

As ons ons aandag begin rig op die implikasies van die feit dat Jesus enige tyd weer kan kom – dan begin ons skielik besef wat belangrik en wat minder belangrik in die lewe is. Ons begin vir onsself afvra: Is dit waarmee ek besig is werklik belangrik?

Geld en besittings, pret en plesier, partytjies en afsluitingsetes – alles waarmee ons onsself besig hou in die sg. “feesseisoen” is alles goed en wel en die Bybel is nie in beginsel daarteen nie – maar in vergelyking met ‘n skielike wederkoms vervaag al hierdie dinge in belangrikheid.

Wat sê Jesus in Lukas 21? Hy sê (o.a.): moenie te verknog raak aan hierdie wêreld nie – hierdie wêreld gaan verby. Die dinge van hierdie wêreld – ook die mooi en die goeie dinge - hou nie vir ewig nie. Fokus eerder op dit wat ewigheidswaarde het. Moenie vir julle skatte op aarde bymekaar maak nie – maar in die hemel. Ons eintlike burgerskap is in hierdie wêreld nie, maardie hemel.

Beteken dit nou dat ons as kerk en as christene onsself moet onttrek uit hierdie wêreld uit en dat ons alles van die wêreld moet vermy? Nee!

During his 1960 presidential campaign, John F. Kennedy often

closed his speeches with the story of Colonel Davenport, the

Speaker of the Connecticut House of Representatives: On May

19th, 1780 the sky of Hartford darkened ominously, and some of

the representatives, glancing out the windows, feared the end

was at hand. Quelling a clamor for immediate adjournment,

Davenport rose and said, "The Day of Judgment is either

approaching or it is not. If it is not, there is no cause for

adjournment. If it is, I choose to be found doing my duty.

Therefore, I wish that candles be brought." Rather than fearing

what is to come, we are to be faithful till Christ returns.

Instead of fearing the dark, we're to be lights as we watch and

wait.

Wanner Jesus weer kom moet Hy die kerk aan die werk kry!

Advent kom herinner die kerk weer aan sy roeping en sy taak. Advent kom sê vir die kerk: moenie jou **bestaansrede** vergeet nie. Moenie vergeet waarom jy **dáár is nie**. Die bestaansrede van die kerk, is om getuies te wees – getuies van die ware **vreugde en liefde** wat daar by God te vinde is.

Dit wêreld sê: 'Tis the season to be jolly …'. Regtig? Die wêreld kom in hierdie tyd moet 'n hoop goedkoop sentimentaliteit en soetklinkende slagspreuke wat 'n lekker warm gevoel in mense se binneste opwek – maar wat op die ou end geen verskil in mense se lewensomstandighede maak nie.

Die jolly"-geit van die wêreld kan nie kersvashou by die **ware lewensvreugde** wat die evangelie aan die mens bied nie en waarvan die kerk getuie moet wees nie. Maar as die kerk opgaan in die "jolly"-geit van die wêreld – dan het die kerk se stem stil geword – dan het die kerk niks meer om vir die wêreld te sê nie.

Advent kom herinner die kerk aan sy taak en sy roeping. Advent kom sê vir die kerk: moenie jouself uit die wêreld onttrek nie – maar moet ook nie opgaan in die **goedkoop** liefde en vreugde wat die wêreld - veral in hierdie tyd - as die waarheid probeer voorhou nie. Nee, wees getuies van die **ware** liefde en vreugde wat daar slegs by God te vinde is.

Advent het 'n rigtingwysende en 'n vermanende betekenis. Advent wil vir die kerk sê: Oppas! Moenie julle fokus verloor nie. Moenie toelaat dat julle verlei word nie. Onthou julle roeping!

Maar Advent wil die kerk ook bemoedig – en dit is die tweede boodskap van Lukas 21. Advent wil vir die kerk sê: "Moenie dat die swaarkry van hierdie wêreld julle onderkry nie. Onthou, hierdie wêreld, met sy rykdom en verleidelikhede gaan verby – maar die swaarkry gaan óók verby – en vir die gelowige loop dit uit op vreugde

In Lukas 21:25 e.v. word in simboliese taal beskryf dit wat ons elke dag beleef: vrees en angs en spanning. (Hierdie dinge is beleef sedert Jesus hierdie woorde gesê het en vandag nog steeds.)

Maar merkwaardig is Jesus se woorde in vers 28: Maar as hierdie dinge gebeur … die logiese voltooing van hierdie frase sou wees iets soos: dan moet julle skrik en bang word, maar dis nie wat Jesus sê nie! Nee, Hy sê: staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby.

En dan vertel Jesus die gelykenis van die vyeboom. (Lees Lukas 21:29-31)

Swaarkry en lyding is alles tekens van die feit dat Jesus se wederkoms enige oomblik kan gebeur. Dis die uitloopsels van die koninkryk. (In Markus 13 praat Jesus van 'geboortepyne'). Wanneer die lewe met sy aanslae kom, dan moet ons regop staan en ons koppe oplig – nie in sak en as gaan sit en ons koppe laat sak nie. Hierdie dinge moet vir ons sê: "Skep moed! Jesus kom weer!"

Klink dit na goedkoop raad en advies? Miskien, maar net as u nie werklik glo dat Jesus weer gaan kom nie.

Ons is té dikwels geneig om toe te laat dat ons lewensomstandighede ons onderkry. Veral in ons land en in die tyd waarin ons leef. Onthou net: Wanneer ons toelaat dat hierdie dinge ons onderkry, dan het die kerk niks om vir die wêreld te bied nie.

Ons is hoop aan die wêreld verskuldig. Ons moet ‘n hoopvolle gemeenskap wees en nie ‘n hopelose gemeenskap wees nie.

Ons taak is om ‘n lewende en lewenskragtige voorbeeld- en demonstrasie-gemeenskap van die koninkryk te wees – ‘n gemeenskap wat deur sy hele bestaan en deur elke greintjie van sy wese vir die wêreld te sê: “God se koninkryk het naby gekom! Bekeer julle en glo die evangelie!”

Amen